THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.]

VOL. CLXII.] PRICE 6d. PRETORIA, 27 OCTOBER / 27 OKTOBER 1950. PRYS 6d. [No. 4481.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Proclamations.	
✱ 256.	Extension of Controlled Area: Natural Resources Development Act (*G.G.E.* No. 4479).	1
✱ 265.	Prohibition on the Prospecting for Precious and Base Minerals, Eerste River	1
✱ 257.	Indwe Soil Conservation District	1
✱ 258.	Closing and Deproclamation as Public Diggings: Portions of the Farm Venterspos	1
✱ 259.	United Transkeian Territories General Council: Amendment of Constitution	2
✱ 260.	Sea Fisheries Act: Limitation of Plants for the Manufacture of Fish Meal and Fish Oil	3
✱ 261.	Constitution of Court of Native Commissioner, Aliwal North	3
✱ 262.	Date after which certain Aircraft shall not be used for Air Service except under Licence	3
✱ 263.	Application of the Air Services Act to certain Visiting Aircraft	4
✱ 264.	Establishment of Vioolsdrift Irrigation District	5
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱ 2596.	Appointment of Acting Ministers of Mines and of the Interior	6
✱ 2597.	Recognition as Honorary Vice-Consul of Sweden	6
✱ 2598.	Provisional Recognition as Consul of the Federal Peoples' Republic of Yugoslavia	6
✱ 2599.	Presentation of Letter of Credence as Ambassador Extraordinary of the United States of America, etc.	6
✱ 2601.	Convention Concerning Night Work of Women	7
✱ 2625.	Reconstitution of the Cabinet	10
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱ 2610.	Closing of Transfer Books	10
✱ 2626.	Closing of Transfer Books	10
✱ 2627.	Statement of Revenue and Loan Recoveries Collected	11
✱ 2628.	Statement of Provincial Revenue Collections	12
✱ 2637.	Weekly Statement of the South African Reserve Bank	13
	DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:	
✱ 2581.	United Transkeian Territories General Council: Amendment of Regulations ...	13
✱ 2582.	Reservation of Trust Land for Forest Purposes	13
✱ 2600.	Sittings of Native Commissioner's Court at Greylingstad	15
✱ 2606.	Regulations *re* Groups of Employers: Amendment	15
✱ 2629.	Cancellation of Exemption from the Pass Laws	15

G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		BLADSY
	Proklamasies.	
✱ 256.	Uitbreiding van Beheerde Gebied: Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (*B.S.* No. 4479).	
✱ 265.	Verbod op die Prospektering na Edele en Onedele Minerale, Eerste Rivier	1
✱ 257.	Indwe-grondbewaringsdistrik	1
✱ 258.	Sluiting en Deproklamasie van Gedeeltes van die Plaas Venterspos as Openbare Delwerye	1
✱ 259.	Verenigde Algemene Raad van die Transkei-gebied: Wysiging van Konstitusie	2
✱ 260.	Wet op Seevisserye: Beperking van Fabrieke vir die Vervaardiging van Vismeel en Visolie	3
✱ 261.	Instelling van Naturellekommissarishof, Aliwal-Noord	3
✱ 262.	Datum waarna sekere Vliegtuie, behalwe kragtens 'n Lisensie, nie vir Lugdiens Gebruik mag word nie	3
✱ 263.	Toepassing van die Wet op Lugdienste op Sekere Besoekende Vliegtuie	4
✱ 264.	Stigting van Besproeiingsdistrik Vioolsdrift	5
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱ 2596.	Aanstelling van Waarnemende Ministers van Mynwese en van Binnelandse Sake	6
✱ 2597.	Erkenning as Erevise-konsul van Swede	6
✱ 2598.	Voorlopige Erkenning as Konsul van die Gefedereerde Volksrepubliek van Joegoslawië	6
✱ 2599.	Oorhandiging van Geloofsbrief as Buitengewone Ambassadeur van die Verenigde State van Amerika, ens	6
✱ 2601.	Konvensie in sake Nagwerk deur Vroue	7
✱ 2625.	Hersamestelling van die Kabinet	10
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱ 2610.	Sluiting van Oordragboeke	10
✱ 2626.	Sluiting van Oordragboeke	10
✱ 2627.	Staat van Inkomste en Leningsterugbetalings Ingevorder	11
✱ 2628.	Staat van Invordering van Provinsiale Inkomste	12
✱ 2637.	Weeklikse Staat van die Suid-Afrikaanse Reserwebank	13
	DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:	
✱ 2581.	Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebied: Wysiging van Regulasies	13
✱ 2582.	Uithou van Trustgrond vir Bosdoeleindes	13
✱ 2600.	Sittings van Naturellekommissarishof te Greylingstad	15
✱ 2606.	Regulasies in sake Werkgewersgroepe: Wysiging	15
✱ 2629.	Intrekking van Vrystelling van die Paswette	15

B.S.=Buitengewone Staatskoerant.

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF LANDS:	
✱ 2583.	Sale of Crown Land	16
	DEPARTMENT OF IRRIGATION:	
✱ 2607.	Rooi River Irrigation Board: First Election of Members	16
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
✱ 2587.	South African Police: Promotion	17
✱ 2602.	Amendments to the Regulations for the South African Police	17
✱ 2620.	Brewing of Kaffir Beer: Melville Sugar Company, Limited	17
	DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE:	
✱ 2621.	Amendment to Regulations framed under the Vocational Schools Act	18
	DEPARTMENT OF TRANSPORT:	
✱ 2608.	Amendments to the Air Navigation Regulations	18
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE:	
✱ 2576.	Maximum Prices of Citrus Fruit (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2635.	Diseases of Stock Regulations	20
✱ 2636.	Restrictions: Swine Fever	20
✱ 2638.	Infected Areas: Rabies	21
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
✱ 2567.	Control of Imports (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2571.	Maximum Prices of Wearing Apparel (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2572.	Maximum Prices of Galvanized Corrugated Sheets (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2573.	Maximum Prices of Wearing Apparel (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2574.	Maximum Prices of Cigarettes and Tobacco (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2575.	Control of Imports (*G.G.E.* No. 4478).	
✱ 2577.	Natural Resources Development Act: Notice to Owners of and Holders of Interest in Land within certain extension (*G.G.E.* No. 4479).	
✱ 2578.	Exemption of Ground from provisions of the Natural Resources Development Act (*G.G.E.* No. 4479).	
✱ 2588.	Standardization Mark: Semi-finished Rolled Carbon Steel Products	21
✱ 2589.	Amendment of the Sea Fisheries Regulations	22
✱ 2590.	Amendment of Regulations made under the Standards Act	22
✱ 2611.	Standardization Mark: Metal Ties for Cavity Walls	22
✱ 2612.	Amendment of Regulations made under the Merchandise Marks Act	23
✱ 2619.	Customs Tariff Applications: List No. 48	23
	DEPARTMENT OF HEALTH:	
✱ 2604.	Amendment of Regulations made under the Housing Amendment Act, 1944 ...	24
	DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:	
✱ 2631.	Appointment of Members: Philippolis Rent Board	24
✱ 2632.	Appointment of Members: Inanda Rent Board	24
✱ 2633.	Appointment of Members: Carolina Rent Board	24
✱ 2634.	Dissolution of Hoopstad Rent Board ...	24
	DEPARTMENT OF INTERIOR:	
✱ 2605.	Nominations for Nobel Peace Prize, 1951	25
✱ 2622.	Registration in terms of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act ...	25
✱ 2630.	Registration in terms of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act ...	25
	DEPARTMENT OF MINES:	
✱ 2584.	Reservation of Ground for Township Purposes	26
✱ 2585.	Land Withdrawn from Public Prospecting	26
✱ 2586.	Ground Declared Open to the Pegging of Claims	26
✱ 2609.	Reservation of Ground for the purpose of a Road	27
	DEPARTMENT OF DEFENCE:	
✱ 2591.	Amendment to the General Stores Regulations for the Union Defence Forces	28

(Continued on back of cover.)

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
✱ 2583.	Verkoop van Kroongrond	16
	DEPARTEMENT VAN BESPROEIING:	
✱ 2607.	Besproeiingsraad Rooirivier: Eerste Verkiesing van Lede	16
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
✱ 2587.	Suid-Afrikaanse Polisie: Bevordering ...	17
✱ 2602.	Wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie	17
✱ 2620.	Brou van Kafferbier: Melville Sugar Company, Limited	17
	DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP:	
✱ 2621.	Wysiging van Regulasies opgestel kragtens die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole	18
	DEPARTEMENT VAN VERVOER:	
✱ 2608.	Wysiging van die Lugvaartregulasies	18
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU:	
✱ 2576.	Maksimum Pryse vir Sitrusvrugte (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2635.	Veesiekteregulasies	20
✱ 2636.	Beperkings: Varkpes	20
✱ 2638.	Besmette Gebied: Hondsdolheid	21
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
✱ 2567.	Invoerbeheer (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2571.	Maksimum Pryse van Kledingstukke (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2572.	Maksimum Pryse van Gegalvaniseerde Gegolfde Sinkplate (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2573.	Maksimum Pryse van Kledingstukke (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2574.	Maksimum Pryse van Sigarette en Tabak (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2575.	Beheer oor Invoer (*B.S.* No. 4478).	
✱ 2577.	Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne: Kennisgewing aan Eienaars van en Besitters van 'n Belang in Grond binne Sekere Uitbreiding (*B.S.* No. 4479).	
✱ 2578.	Vrystelling van Grond van Sekere Bepalings van die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (*B.S.* No. 4479).	
✱ 2588.	Standaardmerk: Half-afgewerkte Gewalste Koolstofstaalprodukte	21
✱ 2589.	Wysiging van die Regulasies op Seevisserye	22
✱ 2590.	Wysiging van Regulasies Uitgevaardig ingevolge die Wet op Standaarde	22
✱ 2611.	Standaardmerk: Metaalankers vir Spoumure	22
✱ 2612.	Wysiging van Regulasies Uitgevaardig ingevolge die Handelswaremerkewet ...	23
✱ 2619.	Doeanetariefaansoeke: Lys No. 48	23
	DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:	
✱ 2604.	Wysiging van Regulasies uitgevaardig ingevolge die Woning-wysigingswet, 1944	24
	DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN:	
✱ 2631.	Aanstelling van Lede: Huurraad Philippolis	24
✱ 2632.	Aanstelling van Lede: Huurraad Inanda	24
✱ 2633.	Aanstelling van Lede: Huurraad Carolina	24
✱ 2634.	Ontbinding van Huurraad Hoopstad ...	24
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
✱ 2605.	Benoemings vir die Nobel-vredesprys, 1951	25
✱ 2622.	Registrasie ingevolge die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet ...	25
✱ 2630.	Registrasie ingevolge die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet ...	25
	DEPARTEMENT VAN MYNWESE:	
✱ 2584.	Uithou van Grond vir Dorpsdoeleindes ...	26
✱ 2585.	Grond aan Publieke Prospektering Onttrek	26
✱ 2586.	Grond Oopverklaar vir Afpenning van Kleims	26
✱ 2609.	Uithou van Grond vir die Doel van 'n Pad	27
	DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:	
✱ 2591.	Wysiging van die Regulaties in verband met Algemene Benodigdheden voor de Unie Verdedigingsmacht	28

(Vir vervolg sien laaste bladsy.)

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 265, 1950.]

Under and by virtue of the powers vested in me by sections *fourteen* and *forty* of the Mineral Law Amendment Act, 1907 (Act No. 16 of 1907 of the Cape of Good Hope), I do hereby declare that prospecting for precious and base minerals is prohibited on Lots ERFS and RS, Eerste River, Division of Stellenbosch, Province of the Cape of Good Hope.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Durban on this Twenty-seventh day of September, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 257, 1950.]

INDWE SOIL CONSERVATION DISTRICT.

Under the powers vested in me by section *nine* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), I hereby declare that the Schedule to Proclamation No. 147 of 1948 is hereby amended—

(*a*) by the deletion of the words "Perseken Plaats (WOD 10.37)";
(*b*) by inserting the words "Brak Leegte (WOD 10.39), Post Katherine (WOD 11.30)" after the words "Umhlanga Location".

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria on this Fourth day of August, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer
Administering the Government-in-Council.

S. P. LE ROUX.

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 258, 1950.]

Whereas by Proclamation No. 83 of 1935 a portion of the farm Venterspost No. 27, District Krugersdorp, now known as Ventersdpost No. 33, District Randfontein, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, was proclaimed a public digging in terms of section *twenty-six* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), on and after the 11th June, 1935.

And whereas in respect of certain portions of the farm Venterspost No. 33, thus proclaimed, and hereinafter more particularly described and defined, the conditions set out in sub-section (1) of section *thirty-one* of the said Act having been found to exist, it is now expedient to close and deproclaim as public diggings the said portions of the said farm;

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 265, 1950.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *veertien* en *veertig* van die Mineral Law Amendment Act, 1907 (Wet No. 16 van 1907 van die Kaap die Goeie Hoop), verklaar ek hierby dat dit verbode is om na edele en onedele minerale op Persele ERFS en RS, Eerste Rivier, afdeling Stellenbosch, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, te prospekteer.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Durban, op hede die Sewe-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 257, 1950.]

INDWE-GRONDBEWARINGSDISTRIK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), verklaar ek dat die Bylae tot Proklamasie No. 147 van 1948 hierby gewysig word—

(*a*) deur die woord „Perseken Plaats (WOD 10.37)" te skrap;
(*b*) deur na die woord „Umhlanga-lokasie" die woorde „Brak Leegte (WOD 10.39), Post Katherine (WOD 11.30)" in te voeg.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die Vierde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening
van die Uitvoerende Gesag.

Op Las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met
die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

S. P. LE ROUX.

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 258, 1950.]

Nademaal 'n gedeelte van die plaas Venterspost No. 27, distrik Krugersdorp, tans bekend as Venterspost No. 33, distrik Randfontein, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, met ingang van 11 Junie 1935, ooreenkomstig artikel ses-en-twintig van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal) by Proklamasie No. 83 van 1935 tot 'n openbare delwery geproklameer is;

En nademaal dit nou dienstig is om sekere gedeeltes van die plaas Venterspost No. 33, aldus geproklameer en hierna vollediger omskryf en bepaal, as 'n openbare delwery te sluit en te deproklameer aangesien daar bevind is dat die toestande wat in subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van gemelde Wet beskryf word, ten opsigte van gemelde gedeeltes van gemelde plaas bestaan;

And whereas all the provisions of sub-section (2) of the said section *thirty-one* have been complied with in every respect;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), I do hereby declare that certain portions of the farm Venterspost No. 33, District Randfontein, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, together in extent 163 morgen 81,961 square feet, registered in the names of C. J. Jacobs and the Government of the Union of South Africa and as defined by diagrams approved by the Surveyor-General under S.G. Nos. A.887/31 and A.4264/49, copies whereof are field in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. Nos. 1982 and 1995 respectively shall be and are hereby closed and deproclaimed as public diggings as from the first day following on the publication of this proclamation in the *Government Gazette*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Durban on this Twenty-seventh day of September, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 259, 1950.]

UNITED TRANSKEIAN TERRITORIES GENERAL COUNCIL.—AMENDMENT OF CONSTITUTION.

Under and by virtue of the powers vested in me by law I declare that section *ten* of Proclamation No. 191 of 1932, as amended, is hereby further amended in accordance with the accompanying Schedule.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Durban on this Twenty-seventh day of September, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

E. G. JANSEN.

SCHEDULE.

Add the following proviso to paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *ten*:—

"Provided, however, that should the number of members of a district council outside the territory of Pondoland at any time be less than four, the provisions of sub-sections (1) (2) and (4) of section *six* shall *mutatis mutandis* apply to the filling of the vacant seats among the people's nominees until the end of the year in which the next triennial election of district councillors takes place; provided further that for the purpose of the elections referred to therein, the words 'as well as the remaining members of the district council' shall be deemed to have been inserted after the words 'elected as aforesaid' in sub-section (1) of section *six*."

En nademaal al die bepalings van subartikel (2) van gemelde artikel *een-en-dertig* in alle opsigte nagekom is;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), hierby verklaar dat sekere gedeeltes van die plaas Venterspost No. 33, distrik Randfontein, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, altesaam 163 morg 81,961 vierkante voet groot, geregistreer op naam van C. J. Jacobs en die Regering van die Unie van Suid-Afrika en aangetoon op kaarte wat die Landmeter-generaal onder S.G. Nos. A.887/31 en A.4264/49 goedgekeur het, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onderskeidelik onder R.M.T. Nos. 1982 en 1995 bewaar word, hierby met ingang van die eerste dag na die afkondiging van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n openbare delwery gesluit en gedeproklameer word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Durban, op hede die Sewe-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 259, 1950.]

DIE VERENIGDE ALGEMENE RAAD VAN DIE TRANSKEI-GEBIED.—WYSIGING VAN KONSTITUSIE.

Kragtens die bevoegdheid my by wet verleen, verklaar ek dat artikel *tien* van Proklamasie No. 191 van 1932, soos gewysig, hierby verder gewysig word ooreenkomstig die meegaande Bylae.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Durban, op hede die Sewe-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

E. G. JANSEN.

BYLAE.

Voeg die volgende voorbehoudsbepaling aan paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *tien* toe:—

„Met dien verstande dat as die getal lede van 'n distriksraad buite die gebied van Pondoland egter te eniger tyd minder as vier is, die bepalings van subartikel (1) (2) en (4) van artikel *ses mutatis mutandis* van toepassing is op die aanvulling van die vakante setels onder die bevolking se genomineerdes tot aan die einde van die jaar waarin die volgende driejaarlikse verkiesing van distriksraadslede plaasvind; en voorts met dien verstande dat vir doeleindes van die verkiesings daarin genoem, die woorde , asook die oorblywende lede van die distriksraad' beskou moet word as ingevoeg na die woorde , gekies soos vermeld' in subartikel (1) van artikel *ses*."

✱ No. 260, 1950.]

SEA FISHERIES ACT, 1940.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *four* of the Sea Fisheries Act, 1940 (Act No. 10 of 1940), I hereby, on the recommendation of the Fisheries Development Advisory Council, limit—

(*a*) the number of plants which may be used for the manufacture of fish meal and fish oil in the area covered by the Magisterial Districts of Clanwilliam, Piquetberg, Hopefield, Tulbagh, Van Rhynsdorp, Calvinia, Ceres, Worcester, Montagu, Wellington, Paarl, Malmesbury and Bellville, to the number of such plants actually in existence at the date of publication of this proclamation;

(*b*) the capacity of any such plant to the capacity thereof at the said date.

This proclamation shall be in force for a period of three years from the date of publication thereof.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-ninth day of September, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
ERIC H. LOUW.

✱ No. 261, 1950.]

CONSTITUTION OF COURT OF NATIVE COMMISSIONER, ALIWAL NORTH.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsections (1) and (3) of section *ten* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), as amended, I do hereby constitute a Court of Native Commissioner at Aliwal North, in the District of Aliwal North, and prescribe that the local limits within which the said Court shall have jurisdiction shall be the Magisterial District of Aliwal North.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Durban on this Twenty-second day of September, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
E. G. JANSEN.

✱ No. 262, 1950.]

AIR SERVICES ACT, 1949.—NOTIFICATION OF DATE AFTER WHICH CERTAIN AIRCRAFT SHALL NOT BE USED FOR THE PROVISION OF ANY AIR SERVICE EXCEPT UNDER LICENCE.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *two* of the Air Services Act, 1949 (Act No. 51 of 1949), I hereby declare that, subject to the provisions of sub-sections (2) and (3) of that section, the first day of November, 1950, shall be the date after which no person shall use an aircraft for the provision of any air service, except under and in accordance with the terms and conditions of a licence granted to that person or deemed to have been so granted.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Eighteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
P. O. SAUER.

✱ No. 260, 1950.]

WET OP SEEVISSERYE, 1940.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier* van die Wet op Seevisserye, 1940 (Wet No. 10 van 1940), beperk ek hierby, op aanbeveling van die Adviserende Visserye-ontwikkelingsraad—

(*a*) die getal fabrieke wat gebruik kan word vir die vervaardiging van vismeel en visolie in die gebied wat die magistraatsdistrikte Clanwilliam, Piketberg, Hopefield, Tulbagh, Van Rhynsdorp, Calvinia, Ceres, Worcester, Montagu, Wellington, Paarl, Malmesbury en Bellville beslaan, tot die getal sodanige fabrieke wat werklik op die datum van publikasie van hierdie proklamasie bestaan;

(*b*) die produksievermoë van so'n fabriek tot die produksievermoë daarvan op genoemde datum.

Hierdie proklamasie is van krag vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie daarvan.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
ERIC H. LOUW.

✱ No. 261, 1950.]

INSTELLING VAN NATURELLEKOMMISSARIS-HOF, ALIWAL-NOORD.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (3) van artikel *tien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), soos gewysig, stel ek hierby 'n Naturellekommissarishof te Aliwal-Noord, in die distrik Aliwal-Noord, in en bepaal ek dat die plaaslike grense waarbinne genoemde hof regsbevoegdheid het, die magistraatsdistrik Aliwal-Noord is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Durban, op hede die Twee-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
E. G. JANSEN.

✱ No. 262, 1950.]

DIE WET OP LUGDIENSTE, 1949.—KENNISGEWING VAN DIE DATUM WAARNA SEKERE VLIEGTUIE NIE, BEHALWE KRAGTENS 'N LISENSIE, VIR DIE VERSKAFFING VAN 'N LUGDIENS GEBRUIK MAG WORD NIE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Lugdienste, 1949 (Wet No. 51 van 1949), verklaar ek hierby dat, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) van daardie artikel, die eerste dag van November 1950 die datum is waarna geen persoon 'n vliegtuig vir die verskaffing van 'n lugdiens mag gebruik nie, behalwe ooreenkomstig die bepalings en op die voorwaardes van 'n lisensie wat aan dié persoon uitgereik is of geag word aan hom uitgereik te wees.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
P. O. SAUER.

✱ No. 263, 1950.]

APPLICATION OF SECTION *TWO* (1) OF THE AIR SERVICES ACT, 1949, TO CERTAIN VISITING AIRCRAFT.

Whereas it appears to me to be expedient to exclude or modify, to the extent set out in the Schedule hereto, the application of sub-section (1) of section *two* of the Air Services Act, 1949 (Act No. 51 of 1949), to or in respect of visiting aircraft, registered as to nationality in another contracting State, which are engaged in the carriage of passengers, cargo or mail for remuneration or hire on other than scheduled international air services;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (3) of section *two* of the said Act, I hereby declare that the application of sub-section (1) of section *two* of the said Act to or in respect of visiting aircraft registered and engaged as aforementioned shall, with effect from the first day of November, 1950, be excluded or modified to the extent set out in the Schedule hereto.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Eighteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. O. SAUER.

SCHEDULE.

1. Any term to which a meaning has been assigned in the Air Services Act, 1949 (Act No. 51 of 1949), or the Civil Air Service Regulations or the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, or the Air Navigation Regulations, 1950, as amended, bears, when used in this Schedule, the same meaning unless the context clearly indicates another meaning.

2. Subject to compliance with the following conditions a licence shall not be required in respect of visiting aircraft, registered as to nationality in another contracting State, which is engaged in the carriage of passengers, cargo or mail for remuneration or hire on other than scheduled international air services:—

(1) Palmietfontein Airport shall be the terminal airport for all flights to or from the Union undertaken by any such aircraft, provided that the Commission may in respect of a particular flight, authorise the use of any other airport or aerodrome as the terminal airport or aerodrome for that flight.

(2) Not more than seven passengers shall be taken on or discharged by any such aircraft at the terminal airport or aerodrome; provided that with the prior authority of the Commission a flight may be undertaken with more than seven passengers on condition that—

(*a*) only those passengers discharged in the Union from the aircraft concerned will be taken on on that aircraft on its departure from the Union; or

(*b*) passengers are conveyed to the Union in an aircraft under special charter, the terms of which do not provide for passengers being taken on on the return flight of that aircraft from the Union and no passengers are taken on on the aircraft on that return flight; or

(*c*) the flight is in terms of a special charter providing for the discharge from or taking on on the aircraft concerned of passengers, all of whom are members of a particular organisation or body, and where the purpose of the special charter is that the passengers carried shall replace or augment the staff in the Union of any such organisation or body; or

(*d*) the flight is, in the opinion of the Commission, of a purely casual nature.

✱ No. 263, 1950.]

TOEPASSING VAN ARTIKEL *TWEE* (1) VAN DIE WET OP LUGDIENSTE, 1949, OP SEKERE BESOEKENDE VLIEGTUIE.

Nademaal ek dit raadsaam ag om die toepassing van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Lugdienste, 1949 (Wet No. 51 van 1949), op of ten opsigte van besoekende vliegtuie wat ten opsigte van nasionaliteit in 'n ander kontrakstaat geregistreer is en vir die vervoer van passasiers, vrag of pos teen betaling of vir huur op ander dan vasgestelde internasionale lugdienste gebruik word, in die mate wat in die Bylae hiervan uiteengesit word, uit te sluit of te wysig;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (3) van artikel *twee* van genoemde Wet, hierby verklaar dat die toepassing van subartikel (1) van artikel *twee* van genoemde Wet op of ten opsigte van besoekende vliegtuie wat soos voornoem geregistreer is en gebruik word, met ingang van die eerste dag van November 1950 uitgesluit of gewysig word in die mate in die Bylae hiervan uiteengesit.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. O. SAUER.

BYLAE.

1. 'n Woord waaraan 'n betekenis in die Wet op Lugdienste, 1949 (Wet No. 51 van 1949), of in die Burgerlugdiensregulasies of in die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, of in die Lugvaartregulasies, 1950, soos gewysig, geheg is, het, wanneer dit in hierdie Bylae gebruik word, dieselfde betekenis tensy die verband duidelik 'n ander betekenis aandui.

2. Mits daar aan die volgende voorwaardes voldoen word, word 'n lisensie nie vereis nie vir besoekende vliegtuie wat ten opsigte van nasionaliteit in 'n ander kontrakstaat geregistreer is en wat vir die vervoer van passasiers, vrag of pos teen betaling of vir huur onderneem op ander dan vasgestelde internasionale lugdienste gebruik word:—

(1) Palmietfonteinlughawe is die eindlughawe vir alle vlugte na en van die Unie wat dié vliegtuie onderneem; met dien verstande dat die Kommissie magtiging tot die gebruik van 'n ander lughawe of vliegveld as die eindlughawe of -vliegveld ten opsigte van 'n bepaalde vlug kan verleen.

(2) So'n vliegtuig mag hoogstens sewe passasiers by die eindlughawe of -vliegveld op- of aflaai; met dien verstande dat, indien die toestemming van die Kommissie vooraf verkry is, 'n vlug met meer as sewe passasiers onderneem kan word op voorwaarde dat—

(*a*) slegs dié passasiers wat in die Unie van die betrokke vliegtuig afgeklim het, deur dié vliegtuig by sy vertrek uit die Unie opgelaai kan word; of

(*b*) passasiers in 'n vliegtuig na die Unie vervoer word kragtens 'n spesiale huurooreenkoms wat nie daarvoor voorsiening maak dat passasiers op die retoervlug van dié vliegtuig van die Unie opgelaai kan word nie en geen passasiers op dié retoervlug deur die vliegtuig opgelaai word nie; of

(*c*) die vlug geskied ooreenkomstig 'n spesiale huurooreenkoms wat daarvoor voorsiening maak dat die betrokke vliegtuigpassasiers kan op- of aflaai en die passasiers almal lede is van 'n bepaalde organisasie of liggaam en die doel van die spesiale huurooreenkoms is dat die passasiers wat vervoer word, die personeel van dié organisasie of liggaam in die Unie moet vervang of uitbrei;

(*d*) die vlug, na die mening van die Kommissie, van 'n bloot toevallige aard is.

(3) Subject to the provisions of sub-paragraph (*c*) of paragraph (2), no passengers, cargo or mail shall be taken on on such aicraft at any point in the Union for carriage to any other point in the Union.

(4) A copy of the passenger manifest and, if applicable, the document or documents conveying the authority of the Commission in terms of paragraph (1) or sub-paragraph (*a*) or (*b*) or (*c*) of paragraph (2), or both, as the case may be, in respect of the flight shall be produced by the Pilot-in-command for scrutiny and certification by the Air Traffic Controller or where there is no Air Traffic Controller, by the person designated for the purpose by the Commission, immediately on the arrival of the aircraft at any aerodrome.

(5) Any application, in terms of paragraphs (1) or (2), for the authority of the Commission shall be addressed to the Secretary for Transport by or on behalf of the owner or charterer of the aircraft concerned and shall contain the following particulars:—

(*a*) Name and address of the owner or charterer of the aircraft.

(*b*) Registration number of the aircraft.

(*c*) Purpose of the flight.

(*d*) List of the names of the passengers carried in the aircraft.

(*e*) Estimated date of arrival of the aircraft at the terminal airport or aerodrome and its estimated date of departure therefrom.

✱ No. 264, 1950.]

VIOOLSDRIFT IRRIGATION DISTRICT.—ESTABLISHMENT.

Whereas a petition has, under sub-section (1) of section *eighty* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, been submitted to the Minister of Irrigation stating that in the opinion of the petitioners it is expedient that there should be a combined system of irrigation for the area specified in the petition and that recourse should be had to artificial means of supplying water in that area;

And whereas all the provisions of the said Act relating to such petition have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (1) of section *eighty-one* of the said Act, and sub-section (1) of section *nine* of the Irrigation Amendment Act, No. 34 of 1949, I hereby declare that the area described in the Annexure to this proclamation shall be an irrigation district and that the said district shall be divided into two wards within the meaning and for the purpose of the said Acts;

And under and by virtue of the powers in me vested by sections *eighty-three* and *eighty-four* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, I hereby further declare that there shall be an irrigation board for the said district, such board consisting of six members, that is to say, three members to represent Ward I and three members to represent Ward II, and that the board shall be styled the Vioolsdrift Irrigation Board.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Durban on this Twenty-seventh day of September, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

J. G. STRYDOM.

(3) Behoudens die bepalings van subparagraaf (*c*) van paragraaf (2) mag so'n vliegtuig geen passasiers, vrag of pos op 'n plek in die Unie vir vervoer na 'n ander plek in die Unie oplaai nie.

(4) Die gesagvoerder moet 'n afskrif van die passasiersmanifes en, indien van toepassing, die stuk of stukke wat die magtiging van die Kommissie kragtens paragraaf (1) of subparagraaf (*a*) of (*b*) of (*c*) van paragraaf 2, of albei, na gelang van die geval, ten opsigte van die vlug bevat, onmiddellik na die aankoms van die vliegtuig by 'n vliegveld vir ondersoek en sertifisering deur die lugverkeersleier voorlê of waar daar geen lugverkeersleier is nie, deur die persoon wat die Kommissie vir dié doel aangewys het.

(5) Aansoeke kragtens paragraaf (1) of (2) om die magtiging van die Kommissie moet deur of namens die eienaar of die huurder van die betrokke vliegtuig aan die Sekretaris van Vervoer gerig word en moet die volgende besonderhede bevat:—

(*a*) Die naam en adres van die eienaar of huurder van die vliegtuig.

(*b*) Die inskrywingsnommer van die vliegtuig.

(*c*) Die doel van die vlug.

(*d*) 'n Lys van die name van die passasiers wat in die vliegtuig vervoer word.

(*e*) Die berekende datum van aankoms van die vliegtuig by die eindlughawe of -vliegveld en die berekende datum van vertrek daarvandaan.

✱ No. 264, 1950.]

BESPROEIINGSDISTRIK VIOOLSDRIFT.—STIGTING.

Nademaal daar kragtens subartikel (1) van artikel *tagtig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, 'n versoekskrif aan die Minister van Besproeiing voorgelê is waarin verklaar word dat die petisionarisse dit dienstig ag dat daar 'n gekombineerde besproeiingstelsel vir die gebied wat in die versoekskrif gemeld word, moet wees en dat die gebied op 'n kunsmatige manier van water voorsien moet word;

En nademaal al die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot so'n versoekskrif nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-tagtig* van genoemde Wet en subartikel (1) van artikel *nege* van die Wysigingswet op Besproeiing, No. 34 van 1949, hierby verklaar dat die gebied wat in die Bylae van hierdie proklamasie beskryf word, 'n besproeiingsdistrik uitmaak en dat genoemde distrik in twee wyke verdeel word binne die betekenis en vir die toepassing van genoemde Wette;

En verder verklaar ek hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie-en-tagtig* en *vier-en-tagtig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, dat daar vir genoemde distrik 'n besproeiingsraad moet wees en dat dié raad uit ses lede moet bestaan, dit wil sê drie lede om Wyk I te verteenwoordig en drie lede om Wyk II te verteenwoordig, en dat die raad as die Besproeiingsraad Vioolsdrift bekend moet staan.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Durban, op hede die Sewe-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. G. STRYDOM.

ANNEXURE.

DESCRIPTION OF THE AREA COMPRISING THE VIOOLSDRIFT IRRIGATION DISTRICT, SITUATED IN THE DIVISION OF NAMAKWALAND, CAPE PROVINCE, AND IN THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA.

The description of the two wards comprising the Vioolsdrift Irrigation District is as follows:—

Ward I consists of a piece of ground and a portion of the Orange River, being one and a quarter miles in width and bounded on the north by the boundary between the Union of South Africa and the Territory of South West Africa and extending from the weir constructed by the Government across the said river known as the Vioolsdrift weir along the left bank of the river up to and including the piece of land known as Lot No. 69 of the settlement known as the Vioolsdrift Settlement.

Ward II consists of a piece of land situated in the Territory of South West Africa, being a half-mile in width and bounded on the south by the boundary between the Union of South Africa and the said Territory and extending from the weir constructed by the Government across the Orange River, known as the Vioolsdrift Weir, along the right bank of the Orange River up to and including the piece of land known as Lot No. 161 of the settlement known as the Vioolsdrift Settlement.

BYLAE.

BESKRYWING VAN DIE GEBIED WAT DIE BESPROEIINGSDISTRIK VIOOLSDRIFT, GELEË IN DIE AFDELING NAMAKWALAND, KAAPPROVINSIE, EN IN DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA, UITMAAK.

Die beskrywing van die twee wyke wat die Besproeiingsdistrik Vioolsdrift uitmaak, is as volg:—

Wyk I bestaan uit 'n stuk grond en gedeelte van die Oranjerivier. Dit is een en 'n kwartmyl breed, word aan die noordekant begrens deur die grenslyn tussen die Unie van Suid-Afrika en die Gebied Suidwes-Afrika en strek van die studam wat die Regering oor genoemde rivier gebou het en wat as die Vioolsdrift-studam bekend staan, al langs die linkeroewer van die rivier tot by en insluitende die stuk grond wat bekend staan as Erf No. 69 van die nedersetting wat as die Vioolsdriftnedersetting bekend is.

Wyk II bestaan uit 'n stuk grond wat in die Gebied Suidwes-Afrika geleë is. Dit is 'n halfmyl breed, word aan die suidekant begrens deur die grenslyn tussen die Unie van Suid-Afrika en genoemde Gebied en strek van die studam wat die Regering oor die Oranjerivier gebou het en wat as die Vioolsdrift-studam bekend staan, al langs die regteroewer van die Oranjerivier tot by en insluitende die stuk grond wat bekend staan as Erf No. 69 van die nedersetting wat as die Vioolsdriftnedersetting bekend is.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 2596.] [27 October 1950.

APPOINTMENT OF ACTING MINISTERS OF MINES AND OF THE INTERIOR.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the appointment of—

1. The Honourable E. H. Louw as Acting Minister of Mines; and
2. The Honourable B. J. Schoeman as Acting Minister of the Interior,

during the absence from the Union of Dr. the Honourable T. E. Dönges, Minister of the Interior and of Mines, with effect from the 11th October, 1950.

✱ No. 2597.] [27 October 1950.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of recognition to Mr. James Austin Young as Honorary Vice-Consul of Sweden at East London.

✱ No. 2598.] [27 October 1950.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Mr. N. Vuksa as Consul of the Federal People's Republic of Yugoslavia in Cape Town.

✱ No. 2599.] [27 October 1950.

It is hereby notified that His Excellency Mr. John G. Erhardt was received by His Excellency the Governor-General at Government House, Pretoria, at 11 a.m. on the 4th October, 1950, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the United States of America.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 2596.] [27 Oktober 1950.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTERS VAN MYNWESE EN VAN BINNELANDSE SAKE.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van—

1. Sy Edele E. H. Louw as Waarnemende Minister van Mynwese; en
2. Sy Edele B. J. Schoeman as Waarnemende Minister van Binnelandse Sake,

gedurende die afwesigheid uit die Unie van dr. Sy Edele T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake en van Mynwese, met ingang van 11 Oktober 1950.

✱ No. 2597.] [27 Oktober 1950.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die erkenning van die heer James Austin Young as Erevise-konsul van Swede te Oos-Londen.

✱ No. 2598.] [27 Oktober 1950.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die voorlopige erkenning van die heer N. Vuksa as Konsul van die Gefedereerde Volksrepubliek van Joegoslawië in Kaapstad.

✱ No. 2599.] [27 Oktober 1950.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die heer John G. Erhardt, om 11 vm. op 4 Oktober 1950, by Goewermentshuis, Pretoria, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal ontvang is en dat hy by hierdie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Verenigde State van Amerika oorhandig het.

✱ No. 2601.] [27 October 1950.

The following Convention was adopted at the Thirty-first Session of the International Labour Conference, held at San Francisco in 1948, and in accordance with Article 19 (5) of the Revised Constitution of the International Labour Organisation it was ratified by the Government of the Union of South Africa. A copy of the Convention is appended:—

INTERNATIONAL LABOUR CONFERENCE.

CONVENTION (No. 89) CONCERNING NIGHT WORK OF WOMEN EMPLOYED IN INDUSTRY (REVISED 1948).

The General Conference of the International Labour Organisation,

Having been convened at San Francisco by the Governing Body of the International Labour Office, and having met in its Thirty-first Session on 17 June 1948, and

Having decided upon the adoption of certain proposals with regard to the partial revision of the Night Work (Women) Convention, 1919, adopted by the Conference at its First Session, and the Night Work (Women) Convention (Revised), 1934, adopted by the Conference at its Eighteenth Session, which is the ninth item on the agenda of the session, and

Considering that these proposals must take the form of an international Convention,

adopts this ninth day of July of the year one thousand nine hundred and forty-eight the following Convention, which may be cited as the Night Work (Women) Convention (Revised), 1948:

PART I. GENERAL PROVISIONS

Article 1

1. For the purpose of this Convention, the term "industrial undertaking" includes particularly—

(*a*) mines, quarries, and other works for the extraction of minerals from the earth;

(*b*) undertakings in which articles are manufactured, altered, cleaning, repaired, ornamented, finished, adapted for sale, broken up or demolished, or in which materials are transformed, including undertakings engaged in shipbuilding or in the generation, transformation or transmission of electricity or motive power of any kind;

(*c*) undertakings engaged in building and civil engineering work, including constructional, repair, maintenance, alteration and demolition work.

2. The competent authority shall define the line of division which separates industry from agriculture, commerce and other non-industrial occupations.

Article 2

For the purpose of this Convention the term "night" signifies a period of at least eleven consecutive hours, including an interval prescribed by the competent authority of at least seven consecutive hours falling between ten o'clock in the evening and seven o'clock in the morning; the competent authority may prescribe different intervals for different areas, industries, undertakings or branches of industries or undertakings, but shall consult the employers' and workers' organisations concerned before prescribing an interval beginning after eleven o'clock in the evening.

Article 3

Women without distinction of age shall not be employed during the night in any public or private industrial undertaking, or in any branch thereof, other than an undertaking in which only members of the same family are employed.

✱ No. 2601.] [27 Oktober 1950.

Die volgende Konvensie is gedurende die Een-en-dertigste sitting van die Internasionale Arbeidskonferensie, gehou te San-Francisco gedurende 1948, aangeneem en ooreenkomstig artikel 19 (5) van die Hersiene Statute van die Internasionale Arbeidsorganisasie is dit deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika bekragtig. 'n Afskrif van die Konvensie word aangeheg:—

INTERNASIONALE ARBEIDSKONFERENSIE.

KONVENSIE (No. 89) IN SAKE NAGWERK DEUR VROUE IN NYWERHEDE (IN 1948 HERSIEN).

Die Algemene Konferensie van die Internasionale Arbeidsorganisasie,

Wat deur die Bestuursliggaam van die Internasionale Arbeidskantoor in San Francisco belê is en op 17 Junie 1948 vir sy een-en-dertigste sitting byeengekom het, en

Wat besluit het om sekere voorstelle aan te neem met betrekking tot die gedeeltelike hersiening van die Konvensie in sake Nagwerk vir Vroue, 1919, wat die Konferensie by sy eerste sitting aangeneem het, en die Konvensie in sake Nagwerk vir Vroue, (Hersien, 1934), wat die Konferensie by sy agtiende sitting aangeneem het en wat die neënde item op die agenda van die sitting is, en

Wat inagneem dat hierdie voorstelle die vorm van 'n internationale Konvensie moet aanneem,

neem op hede die neënde dag van Julie van die jaar eenduisend negehonderd agt-en-veertig die volgende Konvensie aan wat as die Konvensie in sake Nagwerk deur Vroue, (in 1948 hersien) aangehaal kan word:

(*c*) die getal lede onder (*a*) wat, ingevolge die vakvereniging grondwet, buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem;

(*d*) die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

J. J. SCHEEPERS,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 2624.] [27 October 1950.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

CONTINUOUS WORKING.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of the proviso to paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the attendance on the ferro enamel furnaces in the Magisterial District of Port Elizabeth as carried on by Messrs. General Motors South African Ltd., to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 2624.] [27 Oktober 1950.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

ONAFGEBROKE WERK.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby ingevolge die voorbehoudsbepalings by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die bediening van ferro-enemeloonde in die magistraatsdistrik Port Elizabeth soos uitgeoefen deur „General Motors South African Ltd." 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

GENERAL NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

The following notices are published for general information:—

M. T. S. VAN NIEKERK,
Surveyor-General.

Surveyor-General's Office,
Cape Town.

NOTICE No. 789 OF 1950.

CROWN LAND SURVEYS (CAPE).

Notice is hereby given under sub-section (1) of section *seventeen* of Act No. 9 of 1927, that the undermentioned diagrams of Crown Land are lying for inspection at the Office of the Surveyor-General, Cape Town, and that if no objection to the said diagrams or to any beacon or boundary adopted in the surveys is received before the 4th December, 1950, the diagrams will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the Act.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van Grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
4036/1950...	Erf No. 255 Blaauwbergstrand	Situate on the seashore between the farm Melkbosch and Blaauwbergstrand Township/*Geleë langs die kus tussen die plaas Melkbosch en die dorp Blaauwbergstrand*	Cape/*Kaap*...	1052·8637 morgen/*morg.*
5821/1950...	Erf No. 155 Olifantshoek	Being the Olifantshoek Commonage situate between the farms Schaapkloof, Fuller, Hartley, Doornhoek, etc., Village Management Board of Olifantshoek/*Naamlik die Olifantshoek-dorpsmeent geleë tussen die plase Schaapkloof, Fuller, Hartley, Doornhoek, ens., Dorpsbestuur Olifantshoek*	Kuruman....	7743·4405 morgen/*morg.*

6–13–20–27

NOTICE No. 837 OF 1950.

CROWN LAND SURVEYS (CAPE).

Notice is hereby given under sub-section (1) of section *seventeen* of Act No. 9 of 1927, that the undermentioned diagrams of Crown Land are lying for inspection at the office of the Surveyor-General, Cape Town, and that if no objection to the said diagrams or to any beacon or boundary adopted in the surveys is received before the 18th December, 1950, the diagrams will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the Act.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

Onderstaande kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

M. T. S. VAN NIEKERK,
Landmeter-generaal.

Kantoor van die Landmeter-generaal,
Kaapstad.

KENNISGEWING No. 789 VAN 1950.

OPMETINGS VAN KROONGROND (KAAP).

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *sewentien* van Wet No. 9 van 1927 word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde kaarte van Kroongrond op die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê en dat die kaarte, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van die Wet, goedgekeur sal word indien geen beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmeting aangeneem is, voor 4 Desember 1950 ontvang word nie.

KENNISGEWING No. 837 VAN 1950.

OPMETING VAN KROONGROND (KAAP).

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *sewentien* van Wet No. 9 van 1927, word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde kaarte van Kroongrond op die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê en dat die kaarte ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van die Wet goedgekeur sal word indien geen beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmeting aangeneem is, voor 18 Desember 1950 ontvang word nie.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van Grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
9328/49.....	Lot/*Perseel* Berlon....	Being a closed road commencing at the junction of the Heerengrachtweg and Bergvliet Road terminating at the south-eastern boundary of Panorama, Local Area of Constantia/*Naamlik 'n geslote pad wat begin by die kruising van Heerengracht- en Bergvlietweg en eindig by die suidoostelike grens van Panorama, plaaslike gebied Constantia*	Cape/*Kaap*.....	2·9280 morgen/*morg.*
10037/49.....	Lot/*Perseel* Bainsfor No. 1	Being that portion of the Bainskloof Forest Reserve bounded north by Bainskloof Village and south by the farm Oostenberg/*Naamlik daardie gedeelte van die Bainskloofbosreserwe wat aan die noordekant deur die dorp Bainskloof en aan die suidekant deur die plaas Oostenberg begrens word*	Paarl.....	609·9493 morgen/*morg.*
921/50.....	Gannaga Outspan/*-uitspanning*	Bounded by the farms Brandewyns Bank, Kleinfontein, Boezak and Gannaga/*Begrens deur die plase Brandewyns Bank, Kleinfontein, Boezak en Gannaga*	Calvinia.....	1,635·0600 morgen/*morg.*
1844/50.....	Lot/*Perseel* No. 28..	Situate at the corner of Watson and Vlei Roads, Muizenberg, Cape Town Municipality/*Geleë op die hoek van Watson- en Vleiweg, Muizenberg, Munisipaliteit Kaapstad*	Cape/*Kaap*.....	931 sq. ft./*vk. vt.*

20-27-3-10

MISCELLANEOUS.

✱ NOTICE No. 843 OF 1950.

LIQUOR ACT, 1928.

LIQUOR LICENSING BOARD FOR THE DISTRICT OF CALEDON.

INTERIM MEETING.

It is hereby notified in terms of section *twenty-one* of the Liquor Act, 1928, as amended, that an interim meeting of the Liquor Licensing Board for the District of Caledon, will be held at 10 o'clock a.m. at the Magistrate's Court, Caledon, on Wednesday, the 29th of November, 1950, for the consideration of the following application for a conditional authority for an hotel liquor licence based on an amended plan of the building:—

George Fairbairn Carse Vermeulen, upon premises situate at Mossel River, being Lots Nos. 10, 11, 12, 23, 24, 25, Block B.B., Mosselriver (D) (E).

(D) The right to sell on "closed" days in terms of section *seventy-five* (1) (*b*) of the Liquor Act.

(E) Lodgers' and guests' privileges in terms of section *seventy-five* (2).

B. LOMBARD,
Magistrate.

Caledon, 7th October, 1950.

✱ NOTICE No. 844 OF 1950.

LIQUOR LICENSING BOARD FOR THE DISTRICT OF PORT ELIZABETH.

INTERIM MEETING.

It is hereby notified in terms of section *twenty-one* of the Liquor Act, 1928, as amended, that an interim meeting of the Liquor Licensing Board for the District of Port Elizabeth will be held at 10 a.m. on Wednesday, 15th November, 1950, in the Magistrate's Court, Port Elizabeth, for consideration of the following application:—

Glover, Ida Jane, in her capacity as Executrix Testamentary in the Estate of the late Harry Glover for the removal of the bottle liquor licence held by the estate in respect of premises situate at Lot No. 299, Sixth Avenue, Walmer, to premises situate at Lot No. 46, Essexvale, in the Municipality and Division of Port Elizabeth.

D. H. KIRCHNER,
Acting Chief Magistrate.

DIVERSE.

✱ KENNISGEWING No. 843 VAN 1950.

DRANKWET, 1928.

DRANKLISENSIERAAD VIR DIE DISTRIK CALEDON, TUSSENTYDSE VERGADERING.

Hierby word ingevolge artikel *een-en-twintig* van die Drankwet, 1928, soos gewysig, bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad vir die distrik Caledon, om 10-uur voormiddag op Woensdag, 29 November 1950, in die magistraatshof, Caledon, gehou sal word vir die oorweging van ondervermelde aansoek om voorwaardelike magtiging vir 'n hoteldranklisensie gebaseer op 'n gewysigde plan van die gebou:—

George Fairbairn Carse Vermeulen, op persele geleë te Mosselrivier, nl., Erwe Nos. 10, 11, 12, 23, 24, 25, Blok B.B., Mosselrivier (D) (E).

(D) Die reg om op geslote dae te verskaf ooreenkomstig artikel *vyf-en-sewentig* (1) (*b*) van die Drankwet.

(E) Loseerders- en gastevoorregte ooreenkomstig artikel *twee-en-sewentig* (2).

B. LOMBARD,
Magistraat.

Caledon, 7 Oktober 1950.

✱ KENNISGEWING No. 844 VAN 1950.

DRANKLISENSIERAAD VIR DIE DISTRIK PORT ELIZABETH.

TUSSENTYDSE VERGADERING.

Hierby word ooreenkomstig artikel *een-en-twintig* van die Dankwet, 1928, soos gewysig, bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad vir die distrik Port Elizabeth om 10 vm. op Woensdag, 15 November 1950, in die magistraatshof, Port Elizabeth, gehou sal word vir die oorweging van die volgende aansoek:—

Glover, Ida Jane, in haar hoedanigheid van testamentêre eksekutrise in die Boedel van wyle Harry Glover, om die verplasing van die bottel-dranklisensie gehou deur die boedel ten opsigte van 'n gebou op Perseel No. 299, Sesdelaan, Walmer, na 'n gebou op Perseel No. 46, Essexvale, in die munisipaliteit en afdeling Port Elizabeth.

D. H. KIRCHNER,
Waarnemende Hoofmagistraat.

✱ NOTICE No. 845 OF 1950.

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT No. 51 OF 1949).

Pursuant to the provisions of paragraph (*a*) of section *five* of the above-mentioned Act and regulation 5 (1) of the Civil Air Services Regulations, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedule hereto, for the grant of Air Carrier Licences will be heard by the National Transport Commission in Room 326, Sanlam Buildings, Pretoria, on the 22nd November, 1950, at 10 a.m.

Correspondence in connection with the hearing of the applications should be addressed to the Acting Secretary, National Transport Commission (Division of Civil Aviation), P.O. Box 1202, Pretoria.

J. H. WESSELS,
Acting Secretary, National
Transport Commission.

Department of Transport.
Pretoria.

SCHEDULE.

(A) Name and address of applicant. (B) Particulars of air service. (C) Proposed tariff of charges or fares. (D) Aircraft to be used. (E) Proposed routes, areas and frequencies.

(A) Albatross Aviation Industries (Pty.), Ltd., P.O. Box 2912, Johannesburg. (B) (i) Non-scheduled; (ii) flying training. (C) (i) Aeronca and Auster, £3 per hour; Tiger Moth and Hornet, £4 per hour; Fairchild, £5 per hour; (ii) Tiger Moth, £3 per hour; Fairchild, £4. 10s. per hour; Auster and Aeronca, £2. 15s. per hour; dual, 5s. per hour extra. (D) Tiger Moth, Aeronca, Auster, Fairchild. (E) (i) Africa, south of the Equator; (ii) bases: Benoni, Rand Airport.

(A) United Airways (Pty.), Ltd., P.O. Box 2158, Johannesburg. (B) Scheduled. (C) 5·6d. per mile per passenger with 10 per cent. reduction on return fares; freight at 9d. per lb. per 100 miles or part thereof; mail at I.A.T.A. rates. (D) De Havilland Dove, Fairchild 45, Fairchild 24. (E) (i) Durban-Margate, twice daily; (ii) Durban-Umtata-East London, once per day.

(A) Commercial Air Services (Natal) (Pty.), Ltd., P.O. Box 2175, Durban. (B) Scheduled. (C) Passengers, 4¼d. to 6½d. per mile; freight, ·035d. per lb. per mile; excess baggage, ·04d. per lb. per mile. (D) Cessna Model 170, Cessna Model 195, Rapide. (E) (i) Durban-Margate and return, daily; (ii) Durban-Eshowe-Richards Bay-M'tubatuba and return, daily.

(A) Tank Aircraft (Pty.), Ltd., c/o Taylor and Hoare, Union House, Main Street, Johannesburg. (B) (i) Non-scheduled; (ii) aerial work (i.e. aerial survey, aerial photography, crop-dusting). (C) (i) 2s. 6d. per mile. (ii) normal charter, rates agreed with charterer. (D) Rapide DH89A, Beaver DHC2. (E) Union of South Africa, East Africa, Nyassaland, Northern and Southern Rhodesia, Tanganyika and Uganda.

(A) Tropic Airways, 204 His Majesty's Building, Joubert Street, Johannesburg. (B) Non-scheduled. (C) Complete charters, £52 per hour or 6s. 6d. per mile for 20-seater aircraft and *pro rata* for aircraft of different seating capacity. (D) Dakota. (E) Africa, Europe, Near and Middle East.

(A) Sky Fotos, P.O. Honeydew, Transvaal. (B) (i) Non-scheduled; (ii) aerial work (i.e. aerial photography and aerial survey). (C) (i) £3. 10s. per hour; (ii) 1s. 6d. per mile to and from destination, £6. 6s. for the first photograph in the area, £3. 3s. for each of the next five photographs and £2. 2s. each for all subsequent photographs in the same area and on the same order, plus £3 per night for over-night expenses. (D) Piper Cub. (E) (i) South and South West Africa; (ii) no specified areas.

✱ KENNISGEWING No. 845 VAN 1950.

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET No. 51 VAN 1949).

Hierby word ingevolge die bepalings van paragraaf (*a*) van artikel *vyf* van bogenoemde Wet en regulasie 5 (1) van die Regulasies vir Burgerlugdienste, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke om die toestaan van lugvervoerderlisensies, waarvan besonderhede in die Bylae hiervan verskyn, om 10 vm. op 22 November 1950 in Kamer 326, Sanlamgebou, Pretoria, sal hoor.

Mededelings in verband met die hoor van die aansoeke moet gerig word aan die Waarnemende Sekretaris, Nasionale Vervoerkommissie (Afdeling Burgerlugvaart), Posbus 1202, Pretoria.

J. H. WESSELS,
Waarnemende Sekretaris,
Nasionale Vervoerkommissie.

Departement van Vervoer,
Pretoria.

BYLAE.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Besonderhede van lugdiens. (C) Voorgestelde skaal van tariewe of reisgelde. (D) Vliegtuig wat gebruik gaan word. (E) Voorgestelde roetes, gebiede en frekwensies.

(A) Albatross Aviation Industries (Pty.), Ltd., Posbus 2912, Johannesburg. (B) (i) Nie-vasgestelde; (ii) vliegopleiding. (C) (i) Aeronca en Auster, £3 per uur; Tiger Moth en Hornet, £4 per uur; Fairchild, £5 per uur; (ii) Tiger Moth, £3 per uur; Fairchild, £4. 10s. per uur; Auster en Aeronca, £2. 15s. per uur; dubbelstuur, 5s. per uur ekstra. (D) Tiger Moth, Aeronca, Auster, Fairchild. (E) (i) Afrika ten suide van die ewenaar; (ii) uitgangsbasisse: Benoni en Randse Lughawe.

(A) United Airways (Pty.), Ltd., Posbus 2158, Johannesburg. (B) Vasgestelde. (C) 5·6d. per myl per passasier met 'n afslag van 10 persent vir retoerreisgelde; vrag teen 9d. per pond per 100 myl of deel daarvan; pos teen I.A.T.A.-tariewe. (D) De Havilland Dove, Fairchild 45, Fairchild 24. (E) (i) Durban-Margate, tweekeer daagliks; (ii) Durban-Umtata-Oos-Londen, eenkeer per dag.

(A) Commercial Air Services (Natal) (Pty.), Ltd., Posbus 2175, Durban. (B) Vasgestelde. (C) Passasiers, 4¼d. tot 6½d. per myl; vrag, ·035d. per pond per myl; oorbagasie, ·04d. per pond per myl. (D) Cessna Model 170, Cessna Model 195, Rapide. (E) (i) Durban-Margate en terug, daagliks; (ii) Durban-Eshowe-Richardsbaai-Mtubatuba en terug, daagliks.

(A) Tank Aircraft (Pty.), Ltd., p/a Taylor en Hoare, Union House, Mainstraat, Johannesburg. (B) (i) Nievasgestelde; (ii) lughandelsdiens (d.i. lugopmeting, lugfotografie, bestrooiing van gewasse). (C) (i) 2s. 6d. per myl; (ii) gewone huurtariewe volgens ooreenkoms met huurder. (D) Rapide DH89A, Beaver DHC2. (E) Unie van Suid-Afrika, Oos-Afrika, Niassaland, Noord- en Suid-Rhodesië, Tanganjika en Uganda.

(A) Tropic Airways, His Majesty-gebou 204, Joubertstraat, Johannesburg. (B) Nie-vasgestelde. (C) Volledige huur, £52 per uur of 6s. 6d. per myl vir vliegtuie met 20 sitplekke en *pro rata* vir vliegtuie met 'n ander sitplekindeling. (D) Dakota. (E) Afrika, Europa, Nabye- en Midde-Ooste.

(A) Sky Foto's, Pk. Honeydew, Transvaal. (B) (i) Nievasgestelde; (ii) lughandelsdiens (lugfotografie en lugopmeting). (C) (i) £3. 10s. per uur; (ii) 1s. 6d. per myl na en van bestemming, £6. 6s. vir die eerste foto in die gebied, £3. 3s. elk vir die volgende vyf fotos en £2. 2s. elk vir alle daaropvolgende fotos in dieselfde gebied en op dieselfde bestelling, plus £3 per nag vir oornagkoste. (D) Piper Cub. (E) (i) Suid- en Suidwes-Afrika; (ii) geen gespesifiseerde gebiede nie.

(A) Aviation Industries and Associated Services (Pty.), Ltd., P.O. Box 2238, Cape Town. (B) (i) Non-scheduled; (ii) flying training; (iii) aerial work (aerial survey, aerial photography, crop dusting). (C) (i) Between 2s. 6d. and 10s. per mile, depending on type of aircraft; (ii) dual, £3. 15s. per hour; solo, £3. 10s. per hour; (iii) from £3. 15s. to £10 per hour, depending on type of aircraft used. (D) (i) Auster Autocrat, Tiger Moth, Dragon Rapide, Avro Anson; (ii) Auster Autocrat and Tiger Moth; (iii) Auster Autocrat, Tiger Moth, Dragon Rapide, Avro Anson. (E) (i) Not specified; (ii) base: Youngs Field; (iii) not specified.

(A) The Air Survey Company of Africa (Pty.), Ltd., 134-7 Trust Buildings, Gardiner Street, Durban. (B) Aerial work (aerial photography and aerial survey including compiling of plans and maps for planimetry and contour maps). (C) Stereophoto, from £3 to £40 per square mile depending on scale; photo and planimetry, from £15 to £180 per square mile depending on scale; photo plan and contours, from £50 to £320 per square mile depending on scale and intervals. (D) As per agreement with Commercial Air Services (Pty.), Ltd. (applicant does not own any aircraft). (E) No specified areas.

(A) Aeromates Flying School, c/o G. D. Linden, 12 Porges Street, Randfontein. (B) (i) Non-scheduled; (ii) flying training. (C) (i) 9d. per mile; (ii) Piper Cub, £2. 10s. per hour; Piper Cruiser, £3 per hour. (D) Piper Cub, Piper Cruiser. (E) (i) Southern Africa; (ii) bases: Randfontein and Hartebeestpoort Dam.

(A) M. G. Holmes (Pty.), Ltd., P.O. Box 26, Upington. (B) Non-scheduled. (C) From 1s. 1d. to 1s. 5d. per mile depending on the number of passengers. (D) Navions. (E) Union of South Africa, South West Africa, the Protectorate, the Rhodesias and Mocambique.

(A) Commercial Air Services (Rhodesia), Ltd., P.O. Box 632, Bulawayo. (B) Non-scheduled. (C) Cessna 120/140, 10½d. per mile; Cessna 170, 1s. 3d. per mile; Cessna 195, 1s. 9d. per mile. (D) Cessna 120, 170 and 195. (E) Union of South Africa, South West Africa.

(A) AGRI-AIR (Pty.), Ltd., P.O. Irene, Transvaal. (B) (i) Scheduled; (ii) non-scheduled. (C) (i) and (ii) From 2¼d. to 1s. per lb. per 150 miles depending on type of goods carried. (D) Dakota. (E) (i) Between Germiston and Eastern Transvaal serving following towns: Germiston, Mbabane, Barberton, Nelspruit, White River, Pilgrims Rest, Tzaneen; frequency, three times per week, possibly increasing to daily; to convey freight mainly; (ii) Africa south of the Equator.

27-3

(A) Aviation Industries and Associated Services (Pty.), Ltd., Posbus 2238, Kaapstad. (B) (i) Nie-vasgestelde; (ii) vliegopleiding; (iii) lughandelsdiens (lugopmeting, lugfotografie, bestrooiing van gewasse). (C) (i) Tussen 2s. 6d. en 10s. per myl na gelang van die tipe vliegtuig; (ii) dubbelstuur, £3. 15s. per uur; enkelstuur, £3. 10s. per uur; (iii) van £3. 15s. per uur tot £10 per uur, na gelang van die tipe vliegtuig wat gebruik word. (D) (i) Auster Autocrat, Tiger Moth, Dragon Rapide, Avro Anson; (ii) Auster Autocrat, Tiger Moth; (iii) Auster Autocrat, Tiger Moth, Dragon Rapide, Avro Anson. (E) (i) Nie gespesifiseer nie; (ii) uitgangsbasis: Youngs Field; (iii) nie gespesifiseer nie.

(A) The Air Survey Company of Africa (Pty.), Ltd., Trust-gebou 134-7, Gardinerstraat, Durban. (B) Lughandelsdiens (lugfotografie en lugopmeting, insluitende die opstelling van planne en kaarte vir oppervlakte- en contourmeting. (C) Stereofoto van £3 tot £40 per vierkante myl, na gelang van skaal; foto en oppervlaktemeting van £15 tot £180 per vierkante myl, na gelang van skaal; fotoplan en contours van £50 tot £320 per vierkante myl, na gelang van skaal en tussenruimtes. (D) Volgens ooreenkoms met Commercial Air Services (Pty.), Ltd. (applikant besit geen vliegtuie nie). (E) Geen gespesifiseerde gebiede nie.

(A) Aeromates Flying School, p/a G. D. Linden, Porgesstraat 12, Randfontein. (B) (i) Nie-vasgestelde; (ii) vliegopleiding. (C) (i) 9d. per myl; (ii) Piper Cub, £2. 10s. per uur; Piper Cruiser, £3 per uur; (D) Piper Cub, Piper Cruiser. (E) (i) Suidelike Afrika; (ii) uitgangsbassisse: Randfontein en Hartebeestpoortdam.

(A) M. G. Holmes (Pty.), Ltd., Posbus 26, Upington. (B) Nie-vasgestelde. (C) Van 1s. 1d. tot 1s. 5d. per myl, na gelang van die aantal passasiers. (D) Navions. (E) Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, die Protektorate, die Rhodesies en Mosambiek.

(A) Commercial Air Services (Rhodesia), Ltd., Posbus 632, Bulawayo. (B) Nie-vasgestelde. (C) Cessna 120/140, 10½d. per myl; Cessna 170, 1s. 3d. per myl, Cessna 195, 1s. 9d. per myl. (D) Cessna 120, 170 en 195. (E) Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika.

(A) AGRI-AIR (Pty.), Ltd., Pk. Irene, Transvaal. (B) (i) Vasgestelde; (ii) nie-vasgestelde. (C) (i) en (ii) Van 2¼d. tot 1s. per pond per 150 myl, na gelang van die soort goedere wat vervoer word. (D) Dakota. (E) (i) Tussen Germiston en Oos-Transvaal om die volgende dorpe te bedien: Germiston, Mbabane, Barberton, Nelspruit, Witrivier, Pelgrimsrus, Tzaneen; frekwensie, drie keer per week met 'n waarskynlike vermeerdering tot eenkeer per dag; hoofsaaklik vir die vervoer van goedere; (ii) Afrika ten suide van die ewenaar.

✱ NOTICE No. 846 OF 1950.

MINE ASSAYERS' EXAMINATION.

It is hereby notified that the next examination for Mine Assayers' Certificates of Competency will be held on Friday, the 1st December, 1950.

Entries must be submitted not later than the 13th November, 1950, on the prescribed form of application, which is obtainable from the Secretary to the Commissions of Examiners, P.O. Box 1132, Johannesburg.

The following syllabus of examination is published for general information, and a detailed copy thereof will be supplied on application to the Secretary.

Candidates will be examined in the following subjects:—

1. Elementary Theoretical and General Chemistry.
2. Analytical Chemistry and Assaying.

In addition, candidates will be required to undergo a practical examination on Part (2) of the syllabus, on Saturday, the 2nd December, 1950.

✱ KENNISGEWING No. 846 VAN 1950.

MYNESSAIEURSEKSAMEN.

Hierby word bekendgemaak dat die volgende eksamen vir Mynessaieurssertifikate van Bekwaamheid op Vrydag, 1 Desember, 1950, afgeneem sal word.

Inskrywings moet voor of op 13 November 1950 ingestuur word op die voorgeskrewe aansoekvorm wat op aanvraag van die Sekretaris van die Eksamenkommissies, Posbus 1132, Johannesburg, verkrygbaar is.

Onderstaande eksamenleerplan word vir algemene inligting gepubliseer, en 'n kopie met volledige besonderhede sal op aanvraag deur die Sekretaris verskaf word.

Kandidate moet in die volgende vakke eksamen doen:—

1. Elementêre teoretiese en algemene skeikunde.
2. Analitiese skeikunde en essaiering.

Daarbenewens moet kandidate op Saterdag, 2 Desember 1950, 'n praktiese eksamen in Deel (2) van die leerplan aflê.

27-3-10

✱ NOTICE No. 847 OF 1950.

WELFARE ORGANIZATIONS ACT, No. 40 OF 1947.

SURRENDER OF REGISTRATION CERTIFICATE.

It is hereby notified for general information that the Cape Province Safety First Association, P.O. Box 1963, Cape Town, which was registered under the Welfare Organizations Act (Registration No. W.O. 10), has surrendered its Registration Certificate in terms of section *fourteen* of the Act, as it has ceased to function.

V. M. PIENAAR,
Registrar of Welfare Organizations.

✱ NOTICE No. 848 OF 1950.

JAN DU TOIT'S IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. C. H. H. Kossatz has been duly re-elected as member of the above board for a period of three years from the date of publication hereof in the *Union Gazette*.

A. J. VAN NIEKERK,
Acting Magistrate.

Magistrate's Office, Worcester,
6th October, 1950.

✱ NOTICE No. 849 OF 1950.

ROOIKOPEILAND IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that at a nomination Court held at Neilersdrift on the 6th October, 1950, Messrs. J. P. de Kock and S. C. van Wyk were duly re-elected as members of the above-mentioned Board, for the period of three years from the date of publication hereof in the *Government Gazette*.

W. MCLOUGHLIN,
Magistrate.

Magistrate's Office, Upington,
9th October, 1950.

✱ NOTICE No. 850 OF 1950.

LOERIE IRRIGATION BOARD.—ELECTION OF MEMBERS.

Notice is hereby given that Messrs. C. R. E. Klock and N. C. van Onselen have been duly elected members of the above Board for a period of three years from the date of publication hereof.

D. H. KIRCHNER,
Acting Magistrate.

Port Elizabeth, 7th October, 1950.

✱ NOTICE No. 851 OF 1950.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-four* (1) of the Weights and Measures Act, 1922, read with Regulation 3 (1), Part I, of the Regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Carnarvon, Williston, Fraserburg, Sutherland and Calvinia, having weighing or measuring instruments, weights or measures in use in trade, are required to produce same in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 7th December, 1950.

Any trader whose premises are situated at a distance exceeding 12 miles from the nearest Assize Station, shown on this Schedule, may have all his weighing and measuring instruments assized on his premises, provided application is made, *in writing*, without delay in accordance with this notice.

✱ KENNISGEWING No. 847 VAN 1950.

WET OP WELSYNSORGANISASIES No. 40 VAN 1947.

TERUGGAWE VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die „Cape Province Safety First Association", Posbus 1963, Kaapstad, wat ingevolge die Wet op Welsynsorganisasies geregistreer was (Registrasie No. W.O. 10) sy registrasiesertifikaat ingevolge artikel *veertien* van die Wet, teruggegee het, aangesien die organisasie opgehou het om te bestaan.

V. M. PIENAAR,
Registrateur van Welsynsorganisasies.

✱ KENNISGEWING No. 848 VAN 1950.

BESPROEIINGSRAAD, JAN DU TOITS.

Hierby word bekendgemaak dat die heer C. H. H. Kossatz behoorlik tot lid van bogenoemde Raad herkies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

A. J. VAN NIEKERK,
Waarnemende Magistraat.

Magistraatskantoor, Worcester,
6 Oktober 1950.

✱ KENNISGEWING No. 849 VAN 1950.

BESPROEIINGSRAAD ROOIKOPEILAND.

Hierby word bekendgemaak dat menere J. P. de Kock en S. C. van Wyk tydens 'n nominasiehofsitting wat op 6 Oktober 1950 te Neilersdrift gehou is, behoorlik tot lede van bogenoemde Raad herkies is vir 'n tydperk van drie jaar met die ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

W. MCLOUGHLIN,
Magistraat.

Magistraatskantoor, Upington,
9 Oktober 1950.

✱ KENNISGEWING No. 850 VAN 1950.

BESPROEIINGSRAAD LOERIE.—VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat die here C. R. E. Klock en N. C. van Onselen behoorlik tot lede van bogenoemde Raad gekies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan.

D. H. KIRCHNER,
Waarnemende Magistraat.

Port Elizabeth, 7 Oktober 1950.

✱ KENNISGEWING No. 851 VAN 1950.

WET OP MATEN EN GEWICHTEN, 1922.

Ooreenkomstig artikel *vier-en-twintig* (1) van die Wet op Maten en Gewichten, 1922, gelees met regulasie 3 (1), Deel I, van die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig, word hierby bekendgemaak dat alle persone in die magistraatsdistrikte Carnarvon, Williston, Fraserburg, Sutherland en Calvinia, wat weeg- of meetinstrumente, gewigte of mate in die handel gebruik, hierdie instrumente of gewigte voor of op 7 Desember 1950, moet vertoon om nagesien en geyk of heryk te word.

'n Handelaar wie se perseel verder as 12 myl van die naaste ykstasie wat op onderstaande lys voorkom, geleë is, kan al sy weeg- of meetinstrumente op sy perseel laat yk, mits hy sonder versuim ooreenkomstig hierdie kennisgewing *skriftelik* daarom aansoek doen.

Persons having fixed measuring instruments, or weighing instruments having a weighing capacity exceeding 600 lb., must forthwith notify, *in writing*, the District Assizer, P.O. Box 1599, Cape Town, or the nearest Police Station to the places shown on this Schedule of the position thereof, in order that they may be assized on the premises, if required.

Where instruments are assized on traders' premises, additional charges are made for attendance.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

J. L. MEIJER,
Superintendent of Assize.

Pretoria, 13th October, 1950.

SCHEDULE.

Carnarvon, Carnarvon Hotel, Sample Room, from 9 a.m. to 4 p.m., 13th November, 1950.
Van Wyksvlei, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 15th November, 1950.
Williston, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 17th November, 1950.
Fraserburg, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 20th November, 1950.
Sutherland, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 22nd November, 1950.
Loeriesfontein, Police Station, from 2 p.m. to 4 p.m., 24th November, 1950.
Nieuwoudtville, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 27th November, 1950.
Brandvlei, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 29th November, 1950.
Calvinia, Police Station, from 9 a.m. to 4 p.m., 4th December, 1950.

Iemand wat vaste meetinstrumente, of weeginstrumente met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. het, moet die Distriksyker, Posbus 1599, Kaapstad, of die polisiekantoor naaste aan die plekke op onderstaande lys vermeld, dadelik *skriftelik* in kennis stel van die ligging daarvan sodat die instrumente, indien nodig, op die perseel geyk kan word.

In gevalle waar instrumente op die perseel van die handelaar geyk word, word ekstra koste vir die besoek gevorder.

Die yker sal op die datums en ure en op die plekke in onderstaande Bylae genoem teenwoordig wees.

J. L. MEIJER,
Superintendent van Ykwese.

Pretoria, 13 Oktober 1950.

BYLAE.

Carnarvon, monsterkamer van die Carnarvon-hotel, van 9 vm. tot 4 nm., 13 November 1950.
Vanwyksvlei, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 15 November 1950.
Williston, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 17 November 1950.
Fraserburg, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 20 November 1950.
Sutherland, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 22 November 1950.
Loeriesfontein, Polisiekantoor, van 2 nm. tot 4 nm., 24 November 1950.
Nieuwoudtville, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 27 November 1950.
Brandvlei, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 29 November 1950.
Calvinia, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 4 nm., 4 Desember 1950.

✱ NOTICE No. 852 OF 1950.

ENQUIRY IN TERMS OF SECTION *NINE* (1), ACT No. 28 OF 1937, RE: F. J. OELSCHIG.

Notice is hereby given that in terms of section *nine* (1) of Act No. 28 of 1937, Frederick Julius Oelschig, a European male of 1 Swiss Street, Bloemfontein, was on the 6th day of September, 1950, declared to be a person unfit to possess a fire-arm for a period of three years calculated from the above date.

Dated at Bloemfontein, this 11th day of October, 1950.

R. M. HEMMING,
Additional Magistrate.

✱ NOTICE No. 853 OF 1950.

CONFISCATED DIAMONDS.

In terms of section *thirty-four* of Act No. 14 of 1885 (Cape), it is hereby notified that the following diamonds were confiscated by the magistrate, Barkly West:—

One rough and uncut diamond of approximate weight of $3\frac{3}{4}$ carat.

One rough and uncut diamond of approximate weight of $6\frac{1}{4}$ carat.

Any person claiming ownership of these diamonds shall, within 21 days of publication hereof, prove to satisfaction of the undersigned his claim to such right thereto.

J. P. VAN DER WALT,
Magistrate.

Barkly West, 16th October, 1950.

✱ KENNISGEWING No. 852 VAN 1950.

ONDERSOEK INGEVOLGE ARTIKEL *NEGE* (1) VAN WET No. 28 VAN 1937.

IN SAKE: F. J. OELSCHIG.

Hierby word bekendgemaak dat Frederick Julius Oelschig, 'n blanke man van Swissstraat 1, Bloemfontein, op die 6de dag van September 1950 ingevolge artikel *nege* (1) van Wet No. 28 van 1937, onbekwaam verklaar is om 'n vuurwapen vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van bogenoemde datum te besit.

Gedagteken te Bloemfontein, op hede die 11de dag van Oktober 1950.

R. M. HEMMING,
Addisionele Magistraat.

✱ KENNISGEWING No. 853 VAN 1950.

GEKONFISKEERDE DIAMANTE.

Hierby word ingevolge artikel *vier-en-dertig* van Wet No. 14 van 1885 (Kaap) bekendgemaak dat die volgende diamante deur die Magistraat, Barkly-Wes gekonfiskeer is:—

Een ru en ongeslypte diamant van ongeveer $3\frac{3}{4}$ karaat.

Een ru en ongeslypte diamant van ongeveer $6\frac{1}{4}$ karaat.

Enigeen wat daarop aanspraak maak dat hy die eienaar van hierdie diamante is, moet sodanige aanspraak binne 21 dae na publikasie hiervan tot bevrediging van ondergetekende bewys.

J. P. VAN DER WALT,
Magistraat.

Barkly-Wes, 16 Oktober 1950.

✱ NOTICE No. 854 OF 1950.

MEALIE CONTROL SCHEME.

It is hereby notified for general information that the registration [in terms of section *twenty-eight* (1) (*a*) of the Mealie Control Scheme as published by Proclamation No. 77 of 1939, as amended], of the following persons as mealie traders in respect of the period 1st May, 1950, to 30th April, 1951, has now been cancelled.

By Order of the Board.

J. TROMP,
Manager.

✱ KENNISGEWING No. 854 VAN 1950.

MIELIEREËLINGSKEMA.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die registrasie [kragtens artikel *agt-en-twintig* (1) (*a*) van die Mieliereëlingskema, soos gepubliseer by Proklamasie No. 77 van 1939, soos gewysig], van die ondergenoemde persone as mieliehandelaars ten opsigte van die periode 1 Mei 1950 tot 30 April 1951, nou gekanselleer is.

Op las van die Raad.

J. TROMP,
Bestuurder.

Registered No. *Geregi-No.*	No. of Certificate of Registration. *No. van Registrasie-sertifikaat.*	Name. *Naam.*	Trading Name. *Handelsnaam.*	Address. *Adres.*
M.T. 2993	145	V. I. Razzell	V. I. Glenister	Majuba Nek, Sterkspruit, 5 Durban Road/*-weg*, Vincent, East London/*Oos-London.*
M.T. 5527	432	J. S. van der Merwe	J. S. van der Merwe	Cor./*Hoek van* Lombard- and/*en* Pretorius Streets/*-straat*, P.O. Box/*Posbus* 72, Sterkstroom.
M.T. 6779	577	B. C. W. Lilje	Upper-Umvoti Mill	No. 1098 of/*van* Middledrift, P.O./*Pk.* Seven Oaks.
M.T. 1123	598	Y. M. Rawat	Y. M. Rawat	Caindufglene, P.O. Box/*Posbus* 6, Ixopo, Natal.
M.T. 6156	604	R. T. Caluza	Sizanenjana Trading Store	P.O./*Pk.* Sizanenjana, via/*oor* Pietermaritzburg.
M.T. 6445	753	Collins & Boffa (Pty.), Ltd.	Collins & Boffa (Pty.), Ltd.	Lloyds No. 28, P.O./*Pk.* Inhlavini, Dist. Ixopo.
M.T. 6326	754	The Queenstown Farmers' Co-operative Co., Ltd.	The Queenstown Farmers' Co-operative Co., Ltd.	6 Shepston Street/*-straat*, Queenstown.

✱ NOTICE No. 855 OF 1950.

MEALIE CONTROL SCHEME.

It is hereby notified for general information that the undermentioned persons have been registered in terms of section *twenty-eight* (1) (*a*) of the Mealie Control Scheme, published under Proclamation No. 77 of 1939, as amended, to purchase or otherwise acquire mealies or mealie products from producers during the period 1st May, 1950, to 30th April, 1951.

By Order of the Board.

J. TROMP,
Manager.

Mealie Industry Control Board.

✱ KENNISGEWING No. 855 VAN 1950.

MIELIEREËLINGSKEMA.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die ondergenoemde persone, kragtens artikel *agt-en-twintig* (1) (*a*) van die Mieliereëlingskema, gepubliseer by Proklamasie No. 77 van 1939, soos gewysig, geregistreer is om mielies en mielieprodukte van produsente gedurende die tydperk 1 Mei 1950 tot 30 April 1951, te koop of andersins te verkry.

Op las van die Raad.

J. TROMP,
Bestuurder.

Raad van Beheer oor die Mielienywerheid.

Registered No. *Geregi-streerde No.*	No. of Certificate of Registration. *No. van Registrasie-sertifikaat.*	Name. *Naam.*	Trading Name. *Handelsnaam.*	Address. *Adres.*
M.T. 457	624	Vryheid Mills (Pty.), Ltd.	Vryheid Mills (Pty.), Ltd.	153 President Street/*-straat*, P.O. Box/*Posbus* 71, Vryheid.
M.T. 6035	784	H. S. Haviside	H. S. Haviside	Hlabati, P.O./*Pk.* Mount Frere, Dist. Tabankulu.
M.T. 6641	785	F. B. Eberhardt	F. B. Eberhardt	Erf No. 58, P.O./*Pk.* Libode, Transkei.
M.T. 2993	786	G. S. Bruton	G. S. Bruton	Majuba Nek, P.O./*Pk.* Sterkspruit, Dist. Herschel.
M.T. 6809	787	H. M., C. E. Powell and/*en* T. E. Ross	Mahlaba Trading Company	Mahlaba Trading Site/*-handelsperseel*, P.O. Box/*Posbus* 4, Bizana.
M.T. 1934	788	B. L. Stirling	Mid Illovo Stores	Mid-Illovo Central/*-sentraal* 1, P.O./*Pk.* Mid-Illovo Central/*-sentraal*, Dist. Camperdown.
M.T. 5724	789	Pattison & Co. (Pty.), Ltd.	Pattison & Co. (Pty.), Ltd.	Erven/*Erwe* Nos. 542 and/*en* 546, Campbell Street/*-straat*, P.O. Box/*Posbus* 4, Colesberg.
M.T. 2647	790	E. M. A. and/*en* K. E. Gray	Gray Brothers	Erf No. 68, P.O./*Pk.* Elliotdale.
M.T. 2588	791	G. F. Bode	G. F. Bode	Mbanga Trading Station/*-handelstasie*, Mbanga, P.O./*Pk.* Clarkebury.
M.T. 6804	792	T. W. Coote	Rivermead Store	Shangrila, Rivermead, P.B./*Ps.* Pietermaritzburg.
M.T. 6784	793	C. L. C. Havemann	Zululand Milling	Lot No. 288, P.O./*Pk.* Ntambanana, Zululand/*Zoeloeland.*
M.T. 6810	794	T. M. Goss	T. M. Goss	Goqwana, P.O./*Pk.* Isihlito, via/*oor* Lusikisiki.
M.T. 6813	795	O. W. Webber	Cutini Trading Station	Cutini Trading Station/*-handelstasie*, P.O./*Pk.* Lusikisiki.
M.T. 4180	796	Bertie Meth	B. Meth	Erf No. 95, P.O./*Pk.* Lusikisiki.

Registered No. *Geregistreerde No.*	No. of Certificate of Registration. *No. van Registrasiesertifikaat.*	Name. *Naam.*	Trading Name. *Handelsnaam.*	Address. *Adres.*
M.T. 5998	797	E. F. Berndt	E. F. Berndt	Gemvale Trading Station/*-handelstasie*, P.O./*Pk.* Gemvale, via/*oor* Port St. Johns.
M.T. 1410	798	M. G. Thomson	M. G. Thomson	Rockford, P.O./*Pk.* Mount Frere.
M.T. 6576	799	A. W. Eayrs	Ntlabeni Store	Ntlabeni Store/*-winkel*, P.O./*Pk.* Mount Frere.
M.T. 1351	800	P. U. Mundell	P. U. Mundell	Umzimvubu Bridge, P.O. Box/*Posbus* 135, Kokstad.
M.T. 6822	801	H. D. Stone	H. D. Stone	Erf No. 4, Main Street/*-straat*, P.O./*Pk.* Mount Ayliff.
M.T. 6821	802	H. D. Stone	H. D. Stone	Lot/*Perseel* No. 93, Main Street/*-straat*, P.O. Box/*Posbus* 33, Mount Frere.
M.T. 1956	803	R. M. Buchholz	W. E. Buchholz	Erf No. 26, King George Road/*-weg*, Ngqeleni, via/*oor* Umtata, Transkei.
M.T. 6815	804	Mehlomnyama Store (Pty.), Ltd.	Mehlomnyama Store (Pty.), Ltd.	Mehlomnyama, Private Bag/*Privaatsak*, Port Shepstone, Natal.
M.T. 6816	805	B. C. Wood	Umdonivale Store	Umdonivale Farm/*-plaas* No. 8695, P.B./*Ps.* Izingolweni.
M.T. 2299	806	Viedge Bros	Viedge Bros	Bencuti Trading Store/*-handelstasie*, P.O./*Pk.* Shawbury, via/*oor* Qumbu.
M.T. 1262	807	H. F. Blanck	H. F. Blanck	Ravenscroft, P.O./*Pk.* Mount Frere.
M.T. 6827	808	M. E. White	M. E. White	Cacadu, P.O. Box/*Posbus* 14, Mount Frere.
M.T. 249	809	A. F. N. Jessop	A. F. N. Jessop	Mangqamzini, P.O. Box/*Posbus* 14, Mount Frere.
M.T. 6807	810	D. N. Greyling	Tarka Distribueerders, Beperk.	Van Reenen Street/*-straat*, P.O. Box/*Posbus* 16, Tarkastad.
M.T. 6800	811	D. K. McKenzie	Inland Stores	Lot/*Perseel* No. 4 of/*van* Sub. B of/*van* Umlazi Native Location/*Naturellelokasie* No. 4676, P.O./*Pk.* Umbumbulu, Natal.
M.T. 4849	812	J. G. F. Nortje	Francis Nortje	Klipfontein A, P.O./*Pk.* Studtis, Willowmore.
M.T. 5365	813	C. H. Sparg	C. H. Sparg	Busila, P.O. Box/*Posbus* 39, Idutywa.
M.T. 4106	814	H. A. Raasch	H. A. Raasch	Mqwangqweni, P.O./*Pk.* Ngqeleni.
M.T. 2706	815	V. W. Smith	O. E. Smith	Mbaxa Store/*-winkel*, P.O./*Pk.* Ncora, via/*oor* Sterkstroom.
M.T. 6818	816	J. Dupreez	J. Dupreez	High View Store/*-winkel*, P.O./*Pk.* Nkantsweni.
M.T. 6835	817	A. Buttemer	Arthur Buttemer	Panyani, P.O./*Pk.* Rietvlei, Natal.
M.T. 6393	818	I. M. Heathcote	I. M. Heathcote	Happy Valley, Meleskerk, P.O./*Pk.* Port St. Johns.
M.T. 1156	819	D. E. Durrheim	D. E. Durrheim	Zimbane Trading Store/*-handelswinkel*, P.O./*Pk.* Umtata.
M.T. 6819	820	G. C., D. J. and/*en* G. L. Coley	G. C. Coley & Sons	Sub. B. of/*van* A of/*van* Roodekoppe No. 119, P.O./*Pk.* Bloed River/*-rivier*, via/*oor* Dundee.
M.T. 1909	821	I. F. Weyer	I. F. Weyer	Lot/*Perseel* No. 79, P.O. Box/*Posbus* 3, Elliotdale.
M.T. 1123	822	E. C. Hansa	E. C. Hansa	"Cainduff Glen", P.O. Box/*Posbus* 6, Ixopo.
M.T. 2450	823	R. and/*en* Moody	R. & D. Moody	Tyumie Post Trading Station/*-handelstasie*, Tyumie Post, via/*oor* Alice.
M.T. 6718	824	W. J. van den Berg	Groenvlei Kontant Winkel	Erven/*Erwe* Nos. 23 and/*en* 25, P.O./*Pk.* Groenvlei, via/*oor* Wakkerstroom.
M.T. 6362	825	H. C. le Clus	H. C. le Clus	Stand/*Standplaas* No. 88, Main Street/*-straat*, P.O./*Pk.* Flagstaff.

✱ NOTICE No. 856 OF 1950.

OHRIGSTAD RIVER BOARD.

Notice is hereby given that Messrs. S. F. Weyers, S. N. du Toit, J. J. Breytenbach, J. J. P. Erasmus and A. J. Rossouw have been elected as members of the above-named River Board in the place of Messrs. J. J. P. Erasmus, T. J. Swart, J. J. M. Slabbert, H. S. Henrico and A. J. Rossouw.

The members elected will hold office for the following periods:—

Ward 1.

Mr. S. F. Weyers: 3 years.
Mr. S. N. du Toit: To 6th May, 1952.

Ward 2.

Mr. J. J. Breytenbach: 3 years.
Mr. J. J. P. Erasmus: To 27th February, 1951.

Ward 3.

Mr. A. J. Rossouw: 3 years.

F. H. MUNDELL,
Magistrate.

Lydenburg, 17th October, 1950.

✱ KENNISGEWING No. 856 VAN 1950.

RIVIERRAAD OHRIGSTAD.

Hierby word bekendgemaak dat die here S. F. Weyers, S. N. du Toit, J. J. Breytenbach, J. J. P. Erasmus en A. J. Rossouw tot lede van bogenoemde Rivierraad gekies is in die plek van die here J. J. P. Erasmus, T. J. Swart, J. J. M. Slabbert, H. S. Henrico en A. J. Rossouw.

Die gekose lede sal die amp vir die volgende tydperke beklee:—

Wyk 1.

Mnr. S. F. Weyers: 3 jaar.
Mnr. S. N. du Toit: Tot 6 Mei 1952.

Wyk 2.

Mnr. J. J. Breytenbach: 3 jaar.
Mnr. J. J. P. Erasmus: Tot 27 Februarie 1951.

Wyk 3.

Mnr. A. J. Rossouw: 3 jaar.

F. H. MUNDELL,
Magistraat.

Lydenburg, 17 Oktober 1950.

✱ NOTICE No. 857 OF 1950.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF HEALTH.

BULLETIN No. 42 OF 1950, FOR THE SEVEN DAYS ENDED THURSDAY, THE 19TH OCTOBER, 1950.

PLAGUE.

Orange Free State.
Fauresmith District.

The three cases of human plague, as reported in Bulletin No. 41 of 1950, have now been confirmed as being one fatal case Septicaemic, one fatal case Pneumonic and one case Bubonic.

SMALLPOX.

Municipal area Johannesburg; Ratomba Location and Sibasa, Louis Trichardt District; Vlakfontein, Rustenburg District; Jagersfontein, Marico District (Transvaal); Municipal area Kimberley (Cape).

TYPHUS FEVER.

Nil.

EPIDEMIC DISEASES IN OTHER COUNTRIES.

At date of latest available information there existed:—

Plague in Djogjakarta (Indonesia).
Cholera in Bombay, Calcutta, Delhi, Madras, Negapatam and Nagpur (India).
Smallpox in Bombay, Calcutta, Madras and Negapatam (India), Chittagong (Pakistan), Moulmein (Burma) Djakarta, Bandung, Djogjakarta, Pekalongan, Surabaia and Tegal (Indonesia); Mikindani (Lindi).
Typhus Fever: Nil.

G. W. GALE.
Secretary for Health.

✱ NOTICE No. 858 OF 1950.

RANCH KARINO IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that at a meeting held at Plaston on 11th October, 1950, Mr. D. F. Joubert was elected as member of the above-named Board in the place of Mr. G. M. Anderson, who has resigned, for the unexpired portion of the later's period of office, while Mr. C. W. Shand was re-elected as member of the said Board for a period of three years, reckoned from the date of notification of his appointment in the *Government Gazette*.

H. J. VAN DER WALT,
Magistrate.

Nelspruit, 16th October, 1950.

✱ NOTICE No. 859 OF 1950.

GENERAL NOTICE.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

CONSERVATION OF JUTE GOODS.

RECEIVING DEPOTS FOR SECONDHAND BAGS.

It is hereby notified for general information that the Annexure to Government Notice No. 793 of 1947, published in *Gazette Extraordinary* No. 3864 of the 29th August, 1947, as amended, is hereby further amended by the deletion of the following item with effect from 30th October, 1950:—

4. (*c*) Messrs. Sam Hackner & Co. (Pty.), Ltd.,
130 Commercial Road,
P.O. Box 1252,
Durban, Natal.

H. J. G. KENNEY,
Controller of Jute Goods.

✱ KENNISGEWING No. 857 VAN 1950.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

BULLETIN No. 42 VAN 1950, VIR DIE SEWE DAE GEËINDIG DONDERDAG, 19 OKTOBER 1950.

PES.

Oranje-Vrystaat.
Distrik Fauresmith.

Die drie menslike gevalle van pes, soos aangegee in Bulletin No. 41 van 1950, is nou vasgestel as een noodlottige geval van Septikemiese pes, een noodlottige geval van longpes en een geval van builepes.

POKKIES.

Munisipale gebied Johannesburg; Ratomba-lokasie en Sibasa, distrik Louis Trichardt; Vlakfontein, distrik Rustenburg; Jagersfontein, distrik Marico (Transvaal); Munisipale gebied Kimberley (Kaapland).

TIFUSKOORS.

Geen.

EPIDEMIESE SIEKTES IN ANDER LANDE.

Volgens jongste berigte is daar:—

Pes in Djogjakarta (Indonesië).
Cholera in Bombaai, Calcutta, Delhi, Madras, Negapatam en Nagpur (Indië).
Pokkies in Bombaai, Calcutta, Delhi, Madras en Negapatam (Indië); Chittagong (Pakistan); Moulmein (Birma); Djakarta, Bandung, Djogjakarta, Pekalongan, Surabaia en Tegal (Indonesië); Mikindani (Lindi).
Tifuskoors: Geen.

G. W. GALE,
Sekretaris van Gesondheid.

✱ KENNISGEWING No. 858 VAN 1950.

BESPROEIINGSRAAD RANCH KARINO.

Hierby word bekendgemaak dat op 'n vergadering wat op 11 Oktober 1950 te Plaston gehou is, mnr. D. F. Joubert in die plek van mnr. G. M. Anderson, wat bedank het, tot lid van bogenoemde Raad gekies is vir die onverstreke deel van laasgenoemde persoon se ampstermyn, terwyl mnr. C. W. Shand vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum waarop sy aanstelling in die *Staatskoerant* bekendgemaak word, tot lid van genoemde Raad herkies is.

H. J. VAN DER WALT,
Magistraat.

Nelspruit, 16 Oktober 1950.

✱ KENNISGEWING No. 859 VAN 1950.

ALGEMENE KENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

BEWARING VAN JUTEGOEDERE.

ONTVANGSDÉPOTS VIR TWEEDEHANDSE SAKKE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die aanhangsel van Algemene Kennisgewing No. 793 van 1947, gepubliseer in *Buitengewone Staatskoerant* No. 3864 van 29 Augustus 1947, soos gewysig, hierby verder gewysig word deur die skrapping van die volgende item met ingang van 30 Oktober 1950:—

4. (*c*) Die Firma Sam Hackner & Kie. (Edms.), Bpk.,
Commercialweg 130,
Posbus 1252,
Durban, Natal.

H. J. G. KENNEY,
Kontroleur van Jutegoedere.

✱ NOTICE No. 860 OF 1950.

NOTICE OF ESCAPE.

Three pounds reward and all reasonable expenses will be paid for the recapture of the undermentioned prisoners who escaped from the Nelspruit Gaol during the night of 8th to 9th October, 1950.

(1) No. 1207/50 CHRISTIAAN STEPHANUS ERASMUS.

Description.—Born at Kroonstad, O.V.S.; race, European; calling, salesman; age, 24 years; height 5 ft. 8 in.; hair, short, brown; eyes, brown; complexion, dark; build, proportionate; forehead, high; mouth, wide; ears, large; chin, medium; face, oval; beard, shaven; moustache, shaven.

Marks and Pecularities.—Cut mark on chest.

At time of escape was wearing prison clothing, khaki shirt and khaki trousers, grey socks, no shoes.

Was undergoing sentences of (1) 18 months imprisonment with hard labour; (2) 2 months imprisonment with hard labour; (3) 6 months imprisonment with hard labour; (4) 2 months imprisonment with hard labour; imposed (1) by Supreme Court, Johannesburg, on 5th July, 1950; (2), (3) and (4) by Magistrate, Nelspruit, for (1) theft (3 counts), (2) absconding from Swartfontein Work Colony, (3) housebreaking and theft, (4) theft, common.

No friends in neighbourhood and no relations. His brother, L. Erasmus, resides in Cape Town, address unknown. A letter was written to Mrs. M. J. Pitallo, P.O. North Rand.

(2) No. 1210/50 ALICK BELCHER.

Description.—Born at Cape Town; race, European; calling, painter; age, 24 years; height, 5 ft. 6 in.; hair, short, black; eyes, blue; complexion, sallow; build, stout, short; forehead, medium; nose, large; mouth, medium; ears, large; chin, round; face, oval; beard, shaven; moustache, shaven.

Marks and Pecularities.—Cut mark on upper lip, cut mark on left forearm, tattoos YU SHI WUMINE on left thumb.

At time of escape was wearing prison clothing, shirt, grey, trousers, brown moleskin, socks grey, no shoes.

Was undergoing sentence of (1) 3 years imprisonment with hard labour; (2) 6 months imprisonment with hard labour; (3) 3 months imprisonment with hard labour; (4) 4 months imprisonment with hard labour; (5) 2 month imprisonment with hard labour; imposed by (1) Supreme Court, Johannesburg; (2) Magistrate, Johannesburg; (3), (4) and (5) Magistrate, Nelspruit, on (1) 14th April, 1950; (2) 20th June, 1950; (3), (4) and (5) 28th September, 1950; for (1) housebreaking and theft (2 counts); (2) attempted escape; (3) absconding from Swartfontein Work Colony; (4) housebreaking and theft; (5) theft, common.

No friends and no relations, is known to Sergeant Kleynhans of Marshall Square. Board with Mrs. M. J. Pitallo, P.O. North Rand.

(3) No. 1208/50 JACOBUS MARTHINUS PRETORIUS.

